GRONDWET

van die

NASIONALE AFRIKANER VOLKSEIE SPORTFEDERASIE
(NAVSFED)

AANHEF:

Aangesien sport in die Republiek van Suid-Afrika, sedert 1994, genormaliseer het tot die stadium dat daar geen diskriminasie in sport bestaan nie, het dit noodsaaklik geword om sportgeleenthede vir minderhede in ag te neem binne die bepalings van die GRONDWET van die Republiek van Suid-Afrika en in terme van die bepalings van die Internasionale Reg;

EN WAAR die Internasionale Olimpiese Komitee erkenning gee aan en geleenthede skep vir volkere en nasies binne die Olimpiese Grondwet;

EN WAAR die Internasionale Sportarena erkenning gee aan en deelname verseker vir Etnies/Nasionale en Minderheidsgroepe ten opsigte van taal, kultuur en godsdiens-gemeenskappe, binne Internasionale Sportfederasies;

EN WAAR sodanige erkenning aan en deelname deur minderheidsgroepe op plaaslike vlak, sowel as binne die Nasionale en Internasionale arena, in harmonie is met die REG op GELYKE en BILLIKE BEHANDELING ten opsigte van FUNDAMENTELE MENSEREGTE;

EN WAAR die Afrikaner as sodanige nasionale minderheidsgroep die behoefte het en aanspraak maak op die reg om as minderheidsgroep in eie reg, homself op plaaslike, nasionale en internasionale gebied te handhaaf en uit te leef in harmonie met elke ander volk, nasie en/of minderheidsgroepe, word hierdie organisasie vervolgens gekonstitueer op die volgende fundering, doelstellings, regte, gedragskodes en wyse van organisasie te wete:

Artikel 1

NAAM:

Die naam van hierdie organisasie is die Nasionale Afrikaner Volkseie Sportfederasie (kortweg NAVSFED genoem).

Artikel 2

FUNDERING:

Die fundering van hierdie organisasie berus op:

2.1 Die bestaan van die Afrikaner as ‘n etniese/nasionale minderheidsgroep binne die Republiek van Suid-Afrika met die bepaalde ETOS van ‘n Afrikaanse taal, kultuur en Christelike lewenswaardes gebou op die onwrikbare geloof in die Ewige Drie-enige God soos geopenbaar in God die Vader, God die Seun Jesus Christus en God die Heilige Gees.

2.2 Die nasionale en internasionale erkenning van die bestaan van die Gelofte van die Afrikaner, as christelike volk, aan die Ewige Drie-enige God met wie die volksleiers ‘n gelofte aangegaan het op 16 Desember 1836 voor die slag van bloedrivier en waartydens die oorwinning, ter aanskoue van volkere en nasies, aan hierdie volk gegee is en waarvan die Gelofte vandag nog deur die nageslag onderhou word deur elkeen wat hom/haar steeds gebonde ag aan die Gelofte soos oorspronklik deur die Afrikanerleiers op daardie gemelde dag gemaak was.

2.3 Die erkenning van die ontstaan en uitbou van hierdie Afrikaner volkseie taal, kultuur en godsdienstige minderheidsgroep sedert 1652 aan die Suidpunt van die Afrika kontinent, wat sedertdien gegroei het tot ‘n nasionale volk in eie reg. ‘n Volk wat eens volle nasionale en internasionale erkenning binne die boererepublieke van Transvaal en Oranje-Vrystaat gehad het, soos erken deur die Britse owerheid by die Sandrivier-Konfensie vir die ZAR in 1852 en later die Oranje-Vrystaat in 1854 en deurlopend hierdie status behou het tydens alle gebeure binne die Republiek van Suid-Afrika tydens Uniewording in 1910, Republiekwording in 1961 en ook die Nuwe Demokrasie soos tot stand gebring sedert 1994.

2.4 Die erkenning, wettiging en uitlewing van TAAL, KULTUUR en GODSDIENS-GEMEENSKAPPE soos vervat binne die bepalings van Artikel 31 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, binne welke konteks die Afrikaner as taal, kultuur en godsdiensgemeenskap voldoen en as sodanige gemeenskap die volgende Grondwetlike waarborge opeis:

i) Die reg op gelykheid voor die reg en gelyke beskerming en voordeel van die reg soos verwoord in Artikel 9(1) saamgelees met die nie-diskriminasie, regstreeks of onregstreeks deur die staat teen iemand op een of meer gronde van etniese of sosiale herkoms, kleur, godsdiens, kultuur, taal en geboorte, soos verwoord in Artikel 9(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

ii) Die reg soos verwoord in Artikel 18 van die Grondwet van die Rupubliek van Suid-Afrika waarbinne elkeen die reg het op vryheid van assosiasie.

2.5 Die reg op selfbeskikking soos in Artikel 235 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat wat nie, binne die raamwerk van die rég, die erkenning van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat ‘n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, belet nie.

2.6 Die wettiging van taal, kultuur en godsdiensgemeenskappe om hulself kultureel te handhaaf en uit te leef op plaaslike vlak binne die Republiek van Suid-Afrika, soos per bepalende magte en bevoegdhede ten opsigte van ouergemeenskappe om eie buitekurikulêre kultuur, sport en sosiale bedrywighede self te bepaal en uit te leef in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 artikels 21. 1. (b) en (e).

2.7 Die Internasionale erkenning van die regte van etniese of nasionale, godsdienstige en taalgemeenskappe en/of minderheidsgroepe deur die Verenigde Volkere Organisasie, soos vervat binne die volgende bepalings, waaraan die Afrikaner as sodanige minderheidsgroep voldoen, en wat ook deur die huidige Regering van die Republiek van Suid-Afrika erken en onderskryf word, te wete:

i) Nie-diskriminerende bepalings binne die Grondwet van die Verenigde Volkere Organisasie van 1945 Artikels 1 en 5.
ii) Universele deklerasie van menseregte van 1948 Artikel 2.
iii) Internasionale verdrag van burger- en politieke regte en van ekonomiese-, sosiale en kulturele regte van 1966 Artikel 2.
iv) **Spesiale regte** van minderhede soos vervat in die Internasionale verdrag van burgerlike en politieke regte van 1966 Artikel 27.
v) Die Verenigde Volkere Organisasie se deklerasie oor die r**egte van persone wat behoort aan nasionale, etniese, godsdienstige en taal-minderhede; Resolusie 47/135 van 18 Desember 1992.**

Artikel 3

<u>GRONDGEBIED</u>:

NAVSFED se jurisdiksie geld binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika oral waar die Afrikaner as ‘n nasionale en minderheidstaal-, kultuur- en godsdiensgroep hom uitleef binne plaaslike en nasionale verband en dit geld ook vir al sy lede, amptenare, atlete met NAVSFED-lidmaatskap, geaffilieerde individuele sportfederasies/organisasies met hulle lede wat binne NAVSFED gehuisves word en ook internasionaal oral waar enige NAVSFED- aktiwiteite, van watter aard ook al, uitgevoer word.

Artikel 4

DOELSTELLINGS:

NAVSFED onderskryf die volgende doelwitte:

4.1. om die Olimpiese sportbehoeftes binne die Afrikanergeledere te ontwikkel en te beskerm in ooreenstemming met die Internasionale Olimpiese Grondwet;

4.2. om die fundamentele beginsels van die Olimpiese Beweging binne alle sodanige sportaktiwiteite, sowel as ontwikkelingsprogramme op skole,- universiteitsvlak en ander tersiêre/opleidingsvlakke te propageer;

4.3. om sportetiek en sportdissiplines te ondersteun en aan te moedig met inbegrip van die demonstrasie van betrokkenheid by lewensnoodsaaklike omgewings-aangeleenthede;

4.4. om die take en verantwoordelikhede wat binne die Olimpiese Grondwet uitgespel word, in ag te neem en ten alle tye uit te voer;

4.5. om verrigtinge aan te bied in ooreenstemming met die bepalings van die Olimpiese Beweging;

4.6. om die Afrikaner as volksgroep tydens Olimpiese Spele, internasionale, kontinentale en by alle streeks- en/of wêreldspeles te verteenwoordig, as individuele groep in eie reg of in gekombineerde spanne waartoe ingestem mag word;

4.7. om deel te neem tydens tenderprosesse vir die bepaling van Stede wat tender om die aanbieding van enige Olimpiese Spele en/of ander Internasionale Sportverteenwoordigende speles en/of aktiwiteite;

4.8. om deel te neem aan hoogsontwikkelde sportsoorte sowel as aan massa deelnames;

4.9. om sportadministrateurs, beamptes en afrigters op te lei en die opleiding van sodanige lede, deur ander instansies, aan te moedig;

4.10. om dissiplinêre aksies te neem teen enige vorm van diskriminasie of gewelddadigheid binne sport, sowel as teen die misbruik van enige verbode middels en/of praktyke soos verbied deur die Internasionale Olimpiese Komitee of enige Internasionale Sportfederasie;

4.11. om self by die Internasionale Olimpiese Komitee en ander bestaande en gemagtigde internasionale, kontinentale en streeksportorganisasies/federasies te affilieer en/of enige geaffilieerde organisasie/federasie behulpsaam te wees om by ‘n bestaande en gemagtigde internasionale, kontinentale en/of streeksportorganisasie/federasie te affilieer;

4.12. om as forum te dien vir geaffilieerde sportorganisasies/federasies om op gereelde basis aandag te skenk aan die evaluering en verbetering van aktiwiteite by voorafgaande Olimpiese Spele en/of internasionale, kontinentale, streeks- en/of nasionale byeenkomste, met dien verstande dat sodanige aksies gereeld binne 90 dae na die afloop van die voorafgaande gebeure sal plaasvind;

4.13. om ‘n forum te verskaf vir alle geaffilieerde sportorganisasies/federasies om op gereelde basis die evaluering en verbetering van

i) individuele sportaktiwiteite binne eie geledere;
ii) sportaktiwiteite met sportondersteuners;
iii) sportaktiwiteite met privaat maatskappye/instansies en/of regerings-instansies op alle vlakke;
iv) die effektiewe bydrae vir die ontwikkeling van programme vir sport op alle vlakke;
v) die ontwikkeling van sportfasiliteite; en
vi) samewerking met ander sportliggame binne die RSA sowel as buite die grense van die RSA namens NAVSFED en/of sy geaffilieerde organisasies/federasies.

4.14. om hulp ten opsigte van die voorbereiding, bestuur en koördinering van die verkiesing van individuele atlete en/of sportspanne vir deelname aan multi-sportaktiwiteite wat op nasionale, streeks-, kontinentale, internasionale en Olimpiese Speles mag plaasvind, te verleen;

4.15. om in die algemeen uitvoering te gee aan die magte en bevoegdhede gesetel binne NAVSFED ten einde behoorlik te funksioneer en sport binne hierdie Grondwet te administreer, sowel as die verdere ontwikkeling van die doelstellings van NAVSFED en alle geaffilieerde organisasies/federasies en die beginsels van die Internasionale Olimpiese Komitee;

4.16. om in samewerking met alle geaffilieerde sportorganisasies/-federasies strukture in werking te stel om uitvoering te gee aan;

i) ‘n basies salarisstruktuur vir alle sportamptenare/sportbeamptes en sportlui;
ii) ‘n behoorlike medieseskema vir alle sportamptenare/sportbeamptes en sportlui;

iii) ‘n behoorlike pensioenskema vir alle sportamptenare/sportbeamptes en sportlui;

4.17. om as Christen-gelowige volksgemeenskap sport te beoefen

i) tot die Eer en Lof van God Drie-Enig; en
ii) in harmonie met ander volkere, nasies en minderheidsgemeenskappe.

Artikel 5

REGSTATUS EN VRYWARING:

NAVSFED is ‘n nie-regeringsorganisasie wat op die basis van vrywillige assosiasie bestaan en opereer met die volgende regsimplikasies;

5.1 NAVSFED opereer as regspersoon in sy eie reg en het die reg om regstappe te neem, sowel as teen wie regstappe geneem mag word.

5.2 Alle regsprosedures sal teen of namens NAVSFED as regspersoon geneem word en NAVSFED mag enige lid van sy nasionale uitvoerende bestuur magtig om sodanige regsdokumente namens hom te teken en/of om enige nodige regstappe in die uitvoering van sodanige aksies te neem.

5.3 Elke bestuurslid, amptenaar en/of werknemer van NAVSFED sal gevrywaar wees deur NAVSFED ten opsigte van kostes aangegaan, verliese en/of ander uitgawes wat sodanige lid aanspreeklik voor is tydens die uitvoering van sy pligte en/of aksies behalwe in die gevalle waar die aanspreeklikheid veroorsaak is deur

i) blatante nalatigheid;
ii) oneerlikheid;
iii) kwaadwilligheid; en
iv) onwettigheid in terme van die landswette.

5.4 NAVSFED-bestuurslede, amptenare en werknemers sal deur NAVSFED gevrywaar word van alle wetlike kostes/eise spruitend uit regsaksies wat ingestel word teen NAVSFED en/of sodanige bestuurslede, amptenare en werknemers na gelang van werksaamhede in die uitvoering van wettige pligte/opdragte/amptelike verantwoordelikhede, uitgesluit

i) privaat en/of persoonlike aksies deur bestuurslede, amptenare en/of werknemers buite die raamwerk van die bedoelde wettige pligte/opdragte/amptelike verantwoordelikhede; en

ii) aksies/optrede buite die amptelike aanstelling/bevoegdhede van die werksaamhede van NAVSFED ten opsigte van die optrede van enige bestuurslede en/of amptenare.

5.5 NAVSFED, as regspersoon, het die reg om eiendom/beleggings en ander bates te bekom, sowel as om finansiële verpligtinge aan te gaan, ten einde sy doelstellings te verwesenlik.

Artikel 6

SAMESTELLING/WERKSAAMHEDE/MAGTE EN BEVOEGDHEDE:

NAVSFED sal uit die volgende lede/organisatoriese samestelling met die volgende werksaamhede, magte en bevoegdhede bestaan:

6.1 Die volgende nasionale verkose lede wat elke drie jaar tydens die nasionale algemene vergadering verkies sal word, met dien verstande dat die eerste lede *ad-hoc* aangewys mag word tydens die stigtingsproses/-vergadering, maar dat die eerste algemene vergadering binne 12 maande na die stigtingsvergadering gehou moet word waartydens die bestuur amptelik verkies moet word vir die eerste driejaar termyn te wete:

i) Nasionale voorsitter;
ii) Nasionale ondervoorsitter;
iii) Vyf nasionale lede uit die amptelike verteenwoordigers op die algemene vergadering;
iv) Twee lede van elke geaffilieerde sportorganisasie/-federasie, deur die sportorganisasie/-federasie self aangewys, met dien verstande dat geen lid van sodanige sportorganisasie/-federasie sy instansie mag verteenwoordig in hierdie pos, terwyl hy/sy reeds in een van die verkose poste verkies is nie; en
v) Enige addisionele lede soos van tyd tot tyd deur die jaarvergadering goedgekeur, met dien verstande dat sodanige addissionele lede geen stemreg sal hê nie.

6.2 Die volgende amptenare, wat deur die Bestuurskomitee soos in art 6.6 bedoel, volgens vaste termyne aangestel sal word en waarvan die postestruktuur en salarispakkette deur die Bestuurkomitee aanbeveel mag word maar deur die eersvolgende algemene vergadering amptelik gemagtig moet word te wete:

i) Uitvoerende hoof wat sitting op die Bestuurskomitee, sowel as die nasionale uitvoerende komitee met volle stemreg sal hê. Die Uitvoerende hoof sal ook in beheer wees van die implementering van alle besluite, sowel as in beheer van alle amptenare en werknemers in die uitvoering

van hulle pligte en die dag tot dag bestuur van NAVSFED se aksies en bedrywighede.

ii) Adjunk uitvoerende hoof wat die funksies, take en verantwoordelikhede met die Uitvoerende hoof sal deel.

iii) Uitvoerende sekretaris/sekretaresse;

iv) Uitvoerende rekenmeester;

v) Minimum van twee of meer uitvoerende amptenare soos van tyd tot tyd benodig en wat deur die bestuurspan tydens ‘n gewone vergadering aangestel mag word.

6.3 Die volgende werknemers, wat deur die nasionale uitvoerende komitee op aanbeveling van die uitvoerende hoof aangestel mag word met dien verstande dat die postestruktuur en salarispakette vooraf amptelik deur die Bestuurskomitee goedgekeur is te wete:

i) hoofde van departemente;

ii) sekretarisse/esse;

iii) finansiële amptenare; en

iv) algemene werknemers wat die uitvoerende hoof, sonder magtiging van die nasionale uitvoerende komitee, mag aanstel, met dien verstande dat die postestruktuur en salarispakette vooraf deur die nasionale uitvoerende komitee goedgekeur is.

6.4 Die stigtingsvergadering sal die volle mag en bevoegdheid hê om die eerste aanstellings te maak en poste *ad-hoc* te vul, sowel as strukture en salarisse te bepaal in terme van al die bepalings van hierdie Grondwet. Die eerste algemene vergadering, wat binne 12 maande van die stigtingsvergadering belê moet word, moet sodanige aanstellings en ander besluite goedkeur.

6.5 Die algemene vergadering het die finale gesag en bevoegdheid om enige besluit/aanstelling en/of enige werksaamheid met ‘n gewone meerderheidstem te verander met dien verstande dat

i) bepalings van hierdie Grondwet slegs met ‘n twee-derde meerderheid tydens ‘n jaarvergadering verander mag word, met dien verstande dat ten minste twee maande vooraf skriftelik kennis gegee is aan alle lede van die beoogde wysiging;

ii) die algemene vergadering die mag en bevoegdheid het om enige van sy magte en bevoegdhede te delegeer na

a) die Bestuurskomitee soos saamgestel in terme van art 6.6;

b) die nasionale uitvoerende komitee; en

c) enige kundige wat goed genoeg geag word om ‘n bepaalde funksie/behoefte van NAVSFED te vervul.

iii) die algemene vergadering een keer per jaar voor die einde van Oktober van die bedoelde jaar, gehou word op ‘n plek en soos bepaal deur die nasionale uitvoerende komitee en waarvan die skriftelike kennisgewing en beoogde program ten minste twee maande vooraf aan alle afgevaardigdes beskikbaar gestel is;

iv) die algemene vergadering tydens sy vergadering aandag moet gee aan
   a) Grondwetlike wysigings;
   b) verkiesing van Bestuurskomiteelede/ nasionale uitvoerende komiteelede, elke drie jaar;
   c) evaluering van die nasionale voorsitter se jaarverslag;
   d) evaluering van die uitvoerende hoof se jaarverslag;
   e) goedkeuring van vorige besluite en/of *ad-hoc* besluite deur die volgemagtigdes geneem.;
   f) goedkeuring van jaarlikse begroting;
   g) bepaling van mandaat en/of aktiwiteite;
   h) enige bespreking en/of besluite soos benodig vir NAVSFED om sy mandaat uit te voer en sy organisatoriese verpligtinge na te kom; en
   i) die bepaling van ledegelde en/of heffings soos benodig en goedgedunk vir die dag tot dag werksaamhede van NAVSFED.

v) Die algemene vergadering bestaan uit die volgende ledesamestelling:
   a) nasionale verkose Lede soos per art 6.1.i) en 6.1.ii) en 6.1.iii).;
   b) minimum drie en maksimum vyf afgevaardigdes van elke geaffilieerde sportorganisasie/federasie wat se ledegelde volopbetaal is;
   c) minimum twee en maksimum drie van elke Afrikaanse kultuurorganisasie wat die Grondwet van NAVSFED onderskryf en wie se ledegelde volopbetaal is;
   d) individuele lede soos van tyd tot tyd deur die algemene vergadering goedgekeur.

vi) Spesiale algemene vergaderings mag te enige tyd, met ten minste drie weke skriftelike kennisgewing aan alle lede gehou word
   a) op skriftelike versoek van die Bestuurskomitee geneem met ‘n meerderheidstem; en
   b) enige skriftelike versoek van ten minste 30% van die gemagtigde en stemgeregtigde opbetaalde lede wat sitting het op sodanige algemene vergadering.

6.6 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit die volgende lede, wat ‘n driejaar termyn sal dien, met die volgende werksaamhede, magte en bevoegdhede:

i) Die verkose nasionale voorsitter wat as voorsitter van die komitee sal dien met volle stemreg;

ii) Die verkose nasionale ondervoorsitter wat as ondervoorsitter van die komitee sal dien met volle stemreg;
iii) vyf verkose lede verkies uit die amptelike verteenwoordigers op die algemene vergadering op welke agenda dit vooraf formeel aangekondig is met volle stemreg;
iv) twee verteenwoordigers van elke sportorganisasie/federasie, deur hulself aangewys nie later as twee weke na afloop van die jaarvergadering vir die samestelling vir sodanige Bestuurskomitee nie met volle stemreg;
v) die uitvoerende hoof van NAVSFED met volle stemreg;
vi) die uitvoerende sekretaris/esse sonder stemreg;
vii) die uitvoerende rekenmeester sonder stemreg;
viii) uitvoerende amptenare sonder stemreg;
ix) enige addisionele lede aangewese deur die jaarvergadering, maar sonder stemreg;
x) enige addisionele lede deur die Bestuurskomitee gekoöpteer vir bepaalde doeleindes, maar sonder stemreg;
xi) die Bestuurskomitee sal ten minste drie keer per jaar vergader waarvan alle uitgawes deur NAVSFED betaal sal word;
xii) die Bestuurskomitee sal waak oor die mandaat, bepalings en werksaamhede van NAVSFED en die opdragte aan hom gegee deur die algemene vergadering;
xiii) die Bestuurskomitee sal die magte en bevoegdhede hê soos bepaal in hierdie Grondwet sowel as dié wat van tyd tot tyd deur die algemene vergadering aan die komitee opgedra sal word;
xiv) die Bestuurskomitee sal vakante poste, binne eie geledere, mag vul deur koöptering met dien verstande dat slegs die poste wat stemreg het in terme van die Grondwet, sal ook stemreg hê tydens koöptering vir enige uitstaande termyn;
xv) die Bestuurskomitee sal alle vakante poste binne die nasionale uitvoerende komitee op ‘n tussentydse basis vul totdat sodanige tussentydse poste in terme van die bepalings van hierdie Grondwet na behore gevul kan word;
xvi) die Bestuurskomitee sal besluite neem en werksaamhede beplan soos benodig om uiting te gee aan die mandaat en besluite van die algemene vergadering en dit delegeer na die nasionale uitvoerende komitee soos van tyd tot tyd nodig mag wees;
xvii) Tree op as finale gesag ten opsigte van die appél teen bevindings gemaak tydens dissiplinêre verhore; en
xviii) Oorweeg die jaarlikse begrotings soos opgestel deur die N U K en die Olimpiese Komitee vir goedkeuring deur die algemene vergadering.

6.7 Die nasionale uitvoerende komitee (N U K) sal bestaan uit die volgende lede, wat ‘n drie jaar termyn sal dien, met die volgende werksaamhede, magte en bevoegdhede:

i) die verkose nasionale voorsitter (met stemreg);
ii) die drie verkose lede dienend in die Olimpiese Komitee (met stemreg);
iii) die uitvoerende hoof (met stemreg);
iv) twee lede verkies uit die stemgeregtigde lede in die Bestuurskomitee en deur die Bestuurskomitee self aangewys tydens die eerste bestuurskomiteevergadering (met stemreg);
v) die uitvoerende sekretaris/esse (sonder stemreg);
vi) die uitvoerende rekenmeester (sonder stemreg);
vii) die uitvoerende amptenare (sonder stemreg);
viii) vergader ten minste elke twee maande, of soveel keer as nodig per jaar, waarvan die kostes deur NAVSFED betaal sal word;
ix) bepaal beleid ten uitvoering van die mandaat en aktiwiteite van NAVSFED, asook die uitvoering van opdragte, beleid en werksaamhede van die algemene vergadering sowel as die Bestuurskomitee;
x) stel die jaarlikse begroting op vir oorweging deur die Bestuurskomitee;
xi) tree op namens lede-organisasies/federasies;
xii) onderhandel met ander sport-/privaatorganisasies en/of regerings-instansies;
xiii) tree op tydens internasionale onderhandelinge;
xiv) tree op as onderhandelaar en enigste instansie namens NAVSFED tydens finansiële onderhandelinge;
xv) stel komitees saam ter uitvoering van mandaat, aktiwiteite en bedrywighede van NAVSFED;
xvi) tree op as verhoorinstansie tydens tug/dissiplinêre aksies, met dien verstande dat die N U K die mag en bevoegdheid het om mindere tug/dissiplinêre aangeleenthede direk na die dissiplinêre komitee vir afhandeling te verwys; en
xvii) vervul alle ander opdragte, funksies en verantwoordelikhede wat binne hierdie Grondwet aan die N U K opgedra is of wat van tyd tot tyd aan hom opgedra mag word.

Artikel 7

<u>OLIMPIESE KOMITEE</u>:

7.1 ‘n Volwaardige Olimpiese Komitee sal driejaarliks as volg saamgestel word met die volgende werksaamhede, magte en bevoegdhede:

i) die nasionale ondervoorsitter wat as voorsitter van die O K sal dien (met stemreg);
ii) twee verkose lede uit die Bestuurskomitee wat deur die Bestuurskomitee self uit eie geledere gekies sal word tydens die eerste bestuurskomitee-vergadering (met volle stemreg);
iii) die uitvoerende hoof (met stemreg);

iv) enige lede, maar nie meer as twee, dienend op die Internasionale Olimpiese Komitee (met stemreg). Indien meer as twee lede beskikbaar is, sal die Bestuurskomitee die aangewese lede verkies deur die normale stemprosedure tydens sy eerste vergadering;
v) die uitvoerende sekretaris/esse (sonder stemreg);
vi) die uitvoerende rekenmeester (sonder stemreg);
vii) een uitvoerende amptenaar deur die O K self aangewys tydens die eerste vergadering (sonder stemreg);
viii) vergader elke twee maande, of soveel kere as nodig, waarvan die kostes deur NAVSFED gedra sal word;
ix) hanteer alle I O K-besluite/bepalings en vereistes wat deur atletiek as sportsoort, sowel as al die I O K-geaffilieerde sportsoorte nagekom moet word en formuleer al die besluite ten opsigte van I O K-aangeleenthede vir oorweging deur die N U K voordat sodanige aangeleenthede vir goedkeuring aan die Bestuurskomitee voorgelê word; en
x) het die reg om enige kundiges op die komitee te koöpteer maar nie meer as drie lede vir enige termyn nie (sonder stemreg).

7.2. Die Olimpiese Komitee het verder die magte en bevoegdhede wat van tyd tot tyd aan hom gedelegeer sal word deur die Bestuurskomitee op aanbeveling van die N U K, maar het benewens bogenoemde die volgende magte en bevoegdhede:

i) mag personeel aanstel vir die funksionele aktiwiteite van die komitee;
ii) mag *ad-hoc* komitees aanstel om sy werksaamhede te verrig; en
iii) moet ‘n jaarlikse begroting opstel vir goedkeuring deur die Bestuurskomitee, op aanbeveling van die N U K vir al sy werksaamhede soos bepaal deur hierdie Grondwet en dit wat van tyd tot tyd aan hom gedelegeer word, met dien verstande dat die begroting afsonderlik maar steeds deel van die jaarlikse algemene begroting sal wees.

Artikel 8

DISSIPLINêRE KOMITEE:

Alle dissiplinêre aangeleenthede sal deur die N U K hanteer word met dien verstande dat alle sodanige aangeleenthede deur die dissiplinêre komitee (D K) op versoek van die N U K ondersoek sal word met ‘n feitelike verslag oor die beweerde aangeleentheid, sowel as Internasionale bepalings deur die IOK en/of enige ander Internasionale Sportorganisasie/federasie daarop van toepassing. Die D K sal voorts gepaste sanksies/straf identifisieer wat met sodanige aangeleentheid gepaard gaan. Bogenoemde inligting sal dien as dokumentasie ter inligting en oorweging deur die N U K tydens tug/dissiplinêre verhore.

8.1 Die voorsitter van die D K sal deur die Bestuurskomitee verkies word, hetsy uit eie geledere of ‘n geskikte persoon van buite die bestuurskomitee tydens die eerste vergadering met dien verstande dat

i) die verkose lid gepaste regsgeleerdheid/ervaring het (met stemreg); en
ii) die lid geredelik beskikbaar is.

8.2 Benewens die verkose voorsitter sal die D K as volg saamgestel word met die volgende werksaamhede, magte en bevoegdhede:

i) twee verkose lede uit die Bestuurskomiteelede (met stemreg);
ii) een uitvoerende amptenaar aangewys deur die hoof uitvoerende beampte (met stemreg);
iii) sekretaresse wat voltyds as werknemer van NAVSFED sal dien wat deur die D K self aangestel sal word;
iv) die D K sal ten minste ses keer per jaar of soveel keer as nodig vergader en die kostes sal deur NAVSFED gedra word;
v) sal alle tug/dissiplinêre sake ondersoek met volledige verslag aan die N U K met gepaste gepaardgaande aanbevelings;
vi) sal alle mindere tug/dissiplinêre verhore op versoek van die N U K ondersoek en afhandel;
vii) sal nougeset waak oor alle “Anti Doping“ en ander tug/dissiplinêre bepalings deur die I O K en ander Internasionale Sportorganisasies/-federasies sowel as nasionale bepalings ten opsigte van alle sport-aktiwiteite van al NAVSFED se lede-organisasies/federasies en/of individuele lede;
viii) mag kundiges koöpteer, na oorleg met die N U K, om behulpsaam te wees met sodanige aktiwiteite;
ix) mag addisionele administratiewe personeel aanstel soos van tyd tot tyd benodig; en
x) moet ‘n jaarlikse begroting opstel vir die D K se aktiwiteite. Sodanige begroting sal deur die N U K tydens die jaarlikse algemene begroting ingesluit word.

Artikel 9

<u>LIDMAATSKAP</u>:

Lidmaatskap sal as volg bepaal word, met die vooraf vereiste dat alle lede die fundering, doelstellings en ander bepalings, soos vervat in hierdie Grondwet, ten volle onderskryf en hulle onderwerp aan die gesag en bevoegdhede van die algemene vergadering en die strukturele komitees soos deur hierdie Grondwet bepaal en wat van tyd tot tyd deur genoemde algemene vergadering gewysig mag word.

9.1 Alle nasionale sportorganisasies/federasies wat ‘n Olimpiese Sportsoort beoefen.

9.2 Alle nasionale sportorganisasies/federasies wat ‘n sportsoort beoefen wat deur ‘n Internasionale organisasie/federasie beheer word.

9.3 Alle nasionale sportorganisasies/federasies wat ‘n sportsoort beoefen wat deur NAVSFED erken word.

9.4 Alle dienende en afgetrede Internasionale Olimpiese Komiteelede.

9.5 Alle sportlui wat op die Internasionale Komitees van sy/haar sportsoort aktief dien .

9.6 Alle Afrikaner kultuurorganisasies/federasies/instellings wat hulle beywer vir die uitbou van die ETOS van die Afrikaner se taal, kultuur en Christelike godsdienswaardes.

9.7 Individue en/of organisasies/federasies/instellings wat hulle voortreflik en uitmuntend beywer het vir die uitbou van die waardes en dissiplines, soos uitgespel in hierdie Grondwet, en wat as lewenslange lede en/of – organisasies/federasies van NAVSFED in ‘n algemene vergadering verkies is.

9.8 Elke sportsoort sal slegs deur een organisasie/federasie verteenwoordig mag word.

Artikel 10

STEMREG EN VERTEENWOORDIGING:

Stemreg sal te enige tyd as volg geld:

10.1 Tydens enige algemene/spesiale vergaderings

i) een stem per individuele lidmaatskap;
ii) maksimum vyf stemme per sportorganisasie/federasie;
iii) maksimum drie stemme per taal/kultuur/godsdiensinstelling; en
iv) stemme sal te enige tyd slegs getel word op die basis van een persoon/een stem. Geen blok stemme sal per organisasies/federasies/instellings toegelaat word nie.

10.2 Verteenwoordiging sal te enige tyd as volg geld:

i) individuele lede mag in enige uitvoerende pos verkies word;

ii) individue wat nie-sportorganisasies/federasies verteenwoordig, mag in uitvoerende poste verkies word slegs waar die pos nie spesifiek gekoppel is aan verteenwoordiging van die spesifieke sportsoort nie;
iii) individue wat sportorganisasies/federasies verteenwoordig mag in enige uitvoerende pos verkies word; en
iv) individue wat nie lid van die algemene vergadering is nie, mag slegs in terme van die bepalings van hierdie Grondwet in enige uitvoerende pos verkies word.

Artikel 11

STEMMING/KWORUMS EN VERGADERINGPROSEDURES:

11.1 Die volgende stemming sal tydens vergaderings geld:

i) tydens enige algemene/spesiale vergadering sal die gewone een stem meerderheid geld, behalwe waar hierdie Grondwet dit anders bepaal;
ii) tydens enige Bestuurskomitee en/of enige ander komitee sal die gewone een stem meerderheid geld; en
iii) die voorsitter van elke vergadering sal slegs by ‘n gewone staking van stemme ‘n beslissende stem hê. Die voorsitter kan dit gebruik, of indien hy dit nie gebruik nie, sal die saak ter stemming, as nie-aanvaar genotuleer word en moet dit van vooraf ter orde geplaas word. Enige ter ordeplasing van so ‘n nie-aanvaarde saak kan slegs weer op ‘n volgende vergadering se agenda geskied.

11.2 Tydens vergaderings sal die volgende stemprosedures geld:

i) tydens die algemene/spesiale vergadering sal alle stemmings vir die verkiesing van uitvoerende poste geslote gehou word deur middel van stembriefies;
ii) enige ander saak op die agenda van ‘n algemene/spesiale vergadering sal deur die opsteek van hande afgehandel word, tensy die voorsitter op versoek van ‘n lid, of op sy eie inisiatief anders besluit. Sodanige besluit lê uitsluitlik by die voorsitter wat dit binne billike en redelike terme moet beslis; en
iii) tydens enige ander komiteevergaderings sal alle verkiesings om poste te vul, per geslote stembrief geskied, terwyl gewone orde sake per hand afgehandel word. Die voorsitter kan op versoek of uit eie keuse wel so ‘n saak per geslote stembrief afhandel. Die voorsitter se beslissing sal in elk van hierdie gevalle finaal wees.

11.3 Die volgende kworums sal tydens vergaderings geld:

i) tydens algemene/spesiale vergaderings 50% plus 1 van die stemgeregtigdes met dien verstande dat elke individu, sowel as elke sportorganisasie/federasie plus elke taal/kultuur en/of godsdiensorganisasie/instelling slegs een stem verteenwoordig vir die bepaling van die kworum; en
ii) tydens enige ander komiteevergadering 50% plus 1 van die stemgeregtigdes.

11.4 Die volgende vergaderingprosedures sal geld:

i) tydens alle vergaderings sal die standaard vergaderingprosedures geld, tensy anders bepaal deur hierdie Grondwet;
ii) alle vergaderings sal deur skriflesing en gebed geopen word;
iii) alle vergaderings sal na opening behoorlik gekonstitueer word om die bepalings van die geldige kworum te implementeer, waarsonder en by gebrek aan, alle besluite geneem ongeldig sal wees;
iv) skriftelike kennisgewings van alle vergaderings moet ten minste drie weke vooraf, en vergesel van die vorige vergadering se notule plus die huidige agenda plus enige skriftelike aanhangsels plus ander geskrifte ten opsigte van sake ter sprake op die agenda, aan elke lid van die vergadering besorg word;
v) alle verrigtinge van elke vergadering moet behoorlik genotuleer word en besluite word slegs geldig aan die hand van behoorlik voorgestel en gesekondeer waarna dit algemeen aanvaar of per meerderheid van stemme goedgekeur of verslaan word;
vi) sake en mosies wat nie goedgekeur word nie, maar bespreek is, moet steeds behoorlik genotuleer word;
vii) die uitvoerende sekretaris/esse en/of sy/haar gedelegeerde is ten volle verantwoordelik vir die rekordhouding van alle verrigtinge binne NAVSFED se strukture, met dien verstande dat sodanige delegasie slegs mag geskied in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Grondwet en met die goedkeuring van die uitvoerende hoof.

Artikel 12

<u>NOMINASIES</u>:

Nominasie ten opsigte van die verkiesing van enige pos moet as volg hanteer word:

12.1 Nominasies tydens die verkiesing van uitvoerende poste gedurende enige algemene/spesiale vergadering moet as volg geskied:

i) skriftelik by die uitvoerende sekretaris/esse ingehandig word;
ii) ten minste twee weke voor die begin van genoemde vergadering ingehandig word, behawe met stigtingsvergadering waar dit tydens die vergadering self ingehandig mag word; en
iii) die volgende besonderhede bevat:
  a) pos waarvoor genomineer;
  b) handtekening van genomineerde dat hy/sy dit aanvaar;
  c) handtekening van voorsteller (wettige lid alleenlik);
  d) handtekening van twee sekondante (wettige lede alleenlik); en
  e) datum van nominasie.

12.2. Nominasies vir enige ander pos binne die struktuur van NAVSFED moet as volg geskied:

i) skriftelik by die sekretaris/esse van die vergadering ingehandig word;
ii) ten minste een uur voor die aanvang van die vergadering ingehandig word;
iii) die volgende besonderhede bevat
  a) pos waarvoor genomineer;
  b) handtekening van genomineerde dat hy/sy die pos aanvaar;
  c) handtekening van voorsteller (wettige lid);
  d) handtekening van een sekondant (wettige lid); en
  e) datum en tyd van nominasie.
iv) die voorsitter van sodanige vergadering mag, indien daar geen wettige nominasies was nie wel geleentheid tydens die vergadering gee vir enige nuwe nominasies, maar moet ‘n spesifieke sluitingstyd aankondig.

12.3 Enige nominasie wat nie ten volle aan die voorskrifte voldoen nie moet deur die voorsitter as gebreke en ongeldig verwerp word. Gebreke nominasies mag nie gekorrigeer word nie, tensy die sluitingstyd nog nie verstryk het nie, in welke geval dit wel gekorrigeer mag word, maar slegs solank dit binne die spertyd geskied.

Artikel 13

LIDMAATSKAPGELDE:

Die algemene vergadering sal elke jaar die lidmaatskapgelde vir individue/sportorganisasies/federasies en ander organisasies/federasies/instellings bepaal en finaal goedkeur op aanbeveling van die Bestuurskomitee nadat laasgenoemde voorleggings deur die N U K oorweeg het. Hierdie reël geld nie vir die stigtingsvergadering nie en het die stigtingslede die reg om die eerste bepalings in hierdie verband te doen welke reëlings geldig sal bly totdat dit deur ‘n algemene/spesiale vergadering gewysig is.

Artikel 14

FINANSIëLE BELEID:

14.1 Die finansiële beleid word deur die N U K gemaak, onderhewig aan finale goedkeuring deur die Bestuurskomitee.

14.2 Die goedgekeurde finansiële beleid word deur die N U K geïmplementeer.

14.3 Die verloop van die finansiële jaar sal deur die algemene vergadering bepaal word.

14.4 Boekhouding/Oudiiteure/Ouditverslag:

i) die uitvoerende rekenmeester is verantwoordelik vir al die boekhouding binne die totale struktuur van NAVSFED met dien verstande dat hy, met die goedkeuring van die uitvoerende hoof, van sy werksaamhede mag delegeer na bevoegde junior personeel, sowel as in terme van die bepalings van hierdie Grondwet. Die U R behou egter aanspreeklikheid vir sodanige gedelegeerde werksaamhede;

ii) die ouditeure sal deur die Bestuurskomitee, op aanbeveling van die N U K, aangestel word; en

iii) die N U K sal elke jaar ‘n behoorlike geouditeerde verslag aan die Algemene vergadering voorlê, met dien verstande dat vir die eerste jaar slegs ‘n voorlopige verslag soos deur die ouditeure opgestel, voorgelê mag word.

14.5 Bankdienste/Fasiliteite:

Die N U K sal alle nodige bankrekeninge en fasiliteite, soos bekragtig deur die Bestuurskomitee, in werking stel met dien verstande dat:

i) die bankrekeninge/fasiliteite by erkende nasionale/internasionale banke sal geskied;

ii) die handtekeninge vir enige fianansiële rekening soos volg sal geld:
   a) handtekening van die nasionale voorsitter;
   b) handtekening van die uitvoerende rekenmeester; en
   c) een handtekening van of die uitvoerende hoof of die nasionale ondervoorsitter.

14.6 Finansiële Kontrakte;

Alle finansiële kontrakte sal slegs deur die Bestuurskomitee goedgekeur word en daarna nougeset deur die N U K geïmplementeer word. Die volgende

handtekeninge sal die enigste erkende handtekeninge vir enige finansiële kontrak/ooreenkoms deur NAVSFED aangegaan wees:

i) handtekening van die nasionale voorsitter;
ii) handtekening van die uitvoerende hoof; en
iii) handtekening van die uitvoerende sekretaris/esse.

Artikel 15

EMBLEEM EN KLEURE:

Die embleem en kleure sal deur die stigting/algemene/spesiale vergadering, in samewerking met relevante kundiges en deur bemiddeling van die N U K, bepaal word.

Artikel 16

VOLKSLIED:

'n Gepaste volkslied sal deur die stigtings/algemene/spesiale vergadering, in samewerking met relevante kundiges en deur bemiddeling van die N U K, bepaal word.

Artikel 17

VOLKSVLAG:

'n Gepaste vlag, wat die ontstaan en verloop van die Afrikaner as taal, kultuur en godsdienstige nasionale volksgemeenskap uitbeeld, sal deur die stigtings/algemene/spesiale vergadering, in samewerking met relevante kundiges en deur bemiddeling van die N U K, bepaal word.

Artikel 18

DISPUTE:

Enige dispute ten opsigte van hierdie Grondwet en enige verdere bepalings deur stigtings/algemene/spesiale vergaderings gemaak, sal as volg hanteer word:

18.1 Dispute tussen NAVSFED en van sy lede en/of dispute onderling tussen lede sal verwys word na 'n tribunaal met 'n Landdros of Regter, na gelang van die erns van die saak, as voorsitter, vir verhoor en beslissing.

18.2 Dispute van baie ernstige aard tussen NAVSFED en buite partye/ lede sal verwys word na die Hof vir Arbitrasie vir Sport gesetel in Lausanne, Switzerland.

18.3 Die finale bepaling oor welke kanaal gevolg sal word in die geval van NAVOK se betrokkenheid by enige dispuut, sal deur die Bestuurskomitee geneem word, op aanbeveling van die N U K.

18.4 Die kanaal vir enige dispute tussen lede alleenlik, sal bepaal word deur die betrokke lede se gesagsliggame/gevolmagtigdes en die N U K gesamentlik.

Artikel 19

WYSIGING VAN GRONDWET:

Hierdie Grondwet mag slegs as volg gewysig word:

19.1 Met ‘n twee-derde meerderheid van ‘n behoorlike en wettige gekonstitueerde stigtings/algemene en/of spesiale vergadering, waarvan laasgenoemde vir die uitsluitlike doel vir die wysiging van hierdie Grondwet belê is.

19.2 Alle wysigings moet ten minste twee maande voor die aanvang van sodanige vergadering behoorlik skriftelik aan alle wettige lede gesirkuleer word.

Artikel 20

BEëNDIGING VAN LIDMAATSKAP:

Enige lidmaatskap sal as volg beëindig word;

20.1 Deur bedanking

20.2 Deur afsterwe

20.3 Deur ontbinding

20.4 Deur skuldigbevinding aan die doelbewuste oortreding van hierdie Grondwet

20.5 Nie-betaling van ledegelde

20.6 Ontheffing uit enige uitvoerende pos/struktuur vanweë skuldigbevinding aan wangedrag en/of enige onwettige optrede

20.7 Die doelbewuste verbreking en skuldigbevinding van die reëls van die Internasionale Olimpiese Komitee en/of ander geaffilieerde Internasionale Sportorganisasies/federasies

Artikel 21

ONTBINDING:

21.1 NAVSFED sal ontbind indien ‘n twee-derde meerderheid van die kworum uit die wettige lede tydens ‘n spesiale vergadering, belê vir hierdie doel, sodanig besluit.

21.2 Tydens ontbinding sal alle bates en laste behoorlik gerekonsilieer word en sal dit oorgedra word na ‘n soortgelyke organisasie/instansie wat dieselfde doelstellings as NAVSFED het by gebreke waaraan dit oorgedra sal word, in gelyke verdeling, aan die wettige lede bestaande uit nasionale sportorganisasies/federasies geaffilieerd by NAVSFED.

GETEKEN OP HIERDIE ……18de……..DAG VAN ……Oktober……2006 TE PRETORIA:

…….
Uitvoerende Hoof Loodskomitee
J. B. Du Plessis

…….
Sekretaresse Loodskomitee
M. Theron

…….
Voorsitter Loodskomitee
I. L. Smuts